# Gereformeerde Kerk Pietersburg

# Die Basuin

**19 Augustus 2018**

**Predikant:**
**ds. S.P. Venter**
**Pastorie: 015 296 1840**
**Sel: 082 809 0222**
**sarel.pventer@gmail.com**

**EREDIENSTE:**
**09:00 en 18:00**

## *Tema 2018* – *REFORMEREND VORENTOE*

| | |
|---|---|
| **OGGENDEREDIENS** | **Ds. Sarel Venter.** |
| **Skriflesing** | Fil. 3: 1 - 14 |
| **Tema** | Passievol op reis. |
| | Lied 196: 1, 2; |
| | Skrifberyming 5-3: 1, 4, 5; |
| | Lied 260: 10, 11; |
| | Psalm 19: 7; |
| | Psalm 61: 4, 6; |
| | Skrifberyming 18-7: 5, 9 |

Om sonder passie te wees, is soos 'n houer wat droog en leeg is. Paulus het hom deur niks laat stuit nie. Selfs as veroordeelde verkondig hy die Evangelie in die vyandige Rome. Sy rede vir sy passie was dat Christus hom gegryp het. En nou het sy lewensreis 'n doel. Hy kan hom nou losmaak van alles wat hy hier op aarde waardevol geag het. Niks is hier vas en seker nie. Slegs ons einddoel is vas. Ons einddoel is om Christus te ken, om Sy opstandingskrag te ondervind en met sekerheid te weet - Ek het die opstanding en die ewige lewe.

| | |
|---|---|
| **AANDEREDIENS** | **Ds. Sarel Venter.** |
| **Skriflesing** | Jak 2: 14 - 26; HK So 24 |
| **Tema** | Plek en betekenis van goeie werke in ons lewe. |
| | Psalm 145: 1, 5; |
| | Psalm 145: 6, 7; |
| | Psalm 146: 3, 8 |

Geloof sonder dade is dood. Buite Christus is daar geen goeie werke nie. Christus se beloning word nou my beloning. Wat 'n genade!! Daarom moet ons oor die volgende nadink:

Goeie werke is *onverdienstelik* - vraag 62.
Goeie werke is *noodsaaklik* - vraag 64.
Goeie werke word *beloon* - vraag 63.

- **Katkisasie**

  Daar is katkisasie direk na die erediens.  Al die jongmense moet asseblief **in die konsistorie bymekaar kom** vir die opening.  Ons tyd is baie beperk, so ons vra dat julle asseblief vinnig sal maak sodat ons kan begin met die lesse.

  Al die **hoërskool** katkisante moet onthou van ons ekstra (verpligte) katkisasieles na afloop van die eerste katkisasiesessie.  Ons kom voor in die kerk bymekaar. Indien jy nie daar kan wees nie, maak asseblief verskoning by ds. Sarel.

- **Gebeurtenisse hierdie week:**

| | | | |
|---|---|---|---|
| **19 Augustus** | **Kollektes** | **Tydens erediens:** | Diakonale sorg |
| | | **By deure:** | Emeritaatsversorging |
| **19 Augustus** | **19H00** | Media kommissievergadering | |
| **21 Augustus** | **18H00** | Finanskommissie | |
| **24-25 Augustus** | | Dopperdoorfees | |

- **Konsistoriediensbeurt 19/08/2018**

| | | | |
|---|---|---|---|
| **Diensbeurt:** | Wyk B4 | **Katkisasie:** | Graad 7 |
| **Ouderling:** | Johan Snyman | **Diaken:** | Danie Grobbelaar |

- **Oog vir mekaar**
  - Ons dink in ons gebede aan Faan Korff wie se dogter verlede week oorlede is. Ons bid hulle familie die troos van die Here toe in die tyd rou
  - Deon en Elzia Boshoff se seuntjie is in Pta. in die hospitaal met brongitis. Sterkte vir die familie
  - Piet Fourie se liggaam bly verswak. Ons bid vir hulle familie in die swaar tyd
  - Kiewiet du Randt het 'n nekoperasie gehad. Hy sterk by die huis aan. Sterkte vir almal op die werf
  - Ons wens Peet Oosthuizen en Leane Vorster baie geluk met hulle verlowing. Ons bede is dat ons hemelse Vader julle sal lei na 'n lang en gelukkig lewe saam met mekaar.
  - Ons bly bid vir Johnny en Lynn O'Reilly. Die suiker wat rondspring is 'n groot probleem.
  - Ons bid vir al die matrieks wat Rekordeksamen skryf.
  - Ons vra die gemeente se voorbidding en ontvanklikheid vir die ouderlinge wat huisbesoek doen.

- **Attestaat ontvang**

  Geen
- **Attestaat uit**

  Geen

- **Nuwe lidmate**

  Geen

- **Vrae vir bespreking na aanddiens**

➢ Sal ons God in die Hiernamaals sien? Joh. 6: 46; Joh. 12: 45;  Joh. 14: 9.

➢ Gaan daar verskillende belonings en ook verskillende straf wees met die wederkoms?  Luk 10: 12, 13: 2 en 4

- **Algemeen**

➢ Lente Tee op 1 September by AGS Taberna Dei om 10:00. Sprekers Charlotta Beukes en Vanessa Kruger, gesels oor "STOP human Trafficking". Kaartjies beskikbaar teen R100.
Vir meer inligting skakel Sarie: 082 819 9164 of Marie:082 460 8264

➢ Die Donderdagaand Bybelstudiegroep vergader van nou af op Woensdag om 18:30 by die kerkgebou of pastorie.

**Laai die Basuin en vorige preke af op jou foon of rekenaar op ons webblad www.gereformeerd.co.za**

- **Susters**

Hiermee wil ek graag alle susters herinner aan die SKOENDOOS projek wat ons verlede jaar begin het. Ons wil graag die skoendose met die Lente tee op 1 September oorhandig aan Brenda Koekemoer.
Jy kan 'n skoendoos vul met noodsaaklike toiletware vir 'n vrou of 'n man. Jy kan self kies of jy vir 'n tiener, 'n volwassene of 'n bejaarde persoon wil pak. Daar is oral 'n behoefte.
Vir meer inligting skakel Linamari Slabbert by 082 6845 145.

- **Teeskinkbeurte**

| | |
|---|---|
| **19 Augustus:** | Corrie Mare |
| | Ansie Roets |
| | Louise Pretorius |
| | Daleen Coetsee |
| | Marina Coetzer |
| **26 Augustus:** | Magda Thiart |
| | Annemie De Klerk |
| | Heleen du Plessis |
| | Marli du Preez |
| | Daleen Gelderblom |

**Suster as jy nie beskikbaar is met jou teeskinkbeurt nie, ruil self met 'n ander suster uit asseblief!**

- **<u>Bybelstudie</u>**

Die lys van Bybelstudiegroepe wat elke week vergader is soos volg:

| Groepleier | Tyd | Plek |
|---|---|---|
| Gideon de Klerk (082 805 8947) | Sondag, 10:30 | Van huis tot huis |
| ds. Sarel Venter (082 809 0222) | Dinsdag, 09:30 | Bendor Pastorie |
| Johan van Biljon (082 388 2117) | Woensdag, 18:00 | Van huis tot huis |
| Annemarie Bakker (082 484 6267) of André Bakker (083 457 1711) | Woensdag, 19:00 | Herculesstraat no.6 |
| Flippie Hoogendyk (082 695 0799) | Sondag, 11:00 | Van huis tot huis |
| Alta Theron (015 – 296 2168) | Donderdag, 09:30 | Wesselstraat no.148 |
| ds. Sarel Venter (082 809 0222) | Woensdag, 18:30 | Bendor Pastorie |

**Elke lidmaat in die gemeente word uitgenooi om in te skakel by een van die Bybelstudiegroepe. Dit is waar ons mekaar regtig leer ken, vriende word en mekaar ondersteun, waar die Christelike liefde spesiaal ondervind word.**

Indien daar lidmate is wat individueel of in gesinsverband wil tuisbybelstudie doen, het ek 'n paar wat ek vir julle kan aanstuur. My adres is: altatheron@vodamail.co.za

| | |
|---|---|
| Gebed | Openbaring |
| Daniël | Dood en hiernamaals |
| Joël | Jakobus |
| Maleagi | Die duiwel maak sin |
| Miga | Hebreërs |
| Nahum | Die lewende kategismus |
| Groei in die Gees | Beproewing |

Bybelstudies ook beskikbaar op die webblad www.gereformeerd.co.za

- **<u>Plasings in die Basuin</u>**

Indien u enige inligting in die Basuin wil plaas kan u met sr. Elzánne Botha kontak maak by die kerkkantoor of die inligting per epos na die kerk se e-posadres stuur. **Maak asseblief seker dat u enige inligting nie later as Donderdag 19:00 deurstuur nie.**

# KALENDER

## *Verjaarsdae*

| Datum | Naam | Belydend/Doop | Sel/Tel no. |
|---|---|---|---|
| So. – 19 Aug. | Vleis Potgieter<br>Alta van Ree | B<br>D | 084 505 3830<br>079 507 4563 |
| Ma. – 20 Aug. | Sandri Coetzee<br>Karin du Rand<br>Sussie Potgieter* | D<br>B<br>B | 082 554 6027<br>072 355 5283<br>082 971 3516 |
| Di. – 21 Aug. | Rehana O'Reilly | B | 072 757 5413 |
| Vry.- 24 Aug. | Susan Engelbrecht**<br>Annemie Venter | B<br>D | 072 062 9292<br>083 397 6685 |
| Sa. – 25 Aug. | Stehan Borman<br>Pietra van der Walt*<br>Dina Vermeulen | D<br>B<br>B | 082 963 9239<br>084 602 4057<br>082 309 4418 |

## Huweliksherdenkings

| Huweliksdatum | Lidmate | Jare getroud | Sel/Tel no. |
|---|---|---|---|
| 19 Aug. 1995 | Ansie & Tom Roets | 23 | 072 033 9420/ 082 852 4509 |

**Preke**

Kan afgelaai word op:

www.gereformeerd.co.za

**Koster**
Elzánne Botha
015 296 0054

**Orreliste**
Barbara Nagel
083 260 9581
Marisa Linde
083 408 2100
Renchia Grobbelaar
072 634 3442

| | |
|---|---|
| **Kerkkantoor** | Elzánne Botha |
| Faksnommer | (015) 296 0054 (Tel/Faks)<br>086 293 4674 (Faks) |
| Epos | admin@gereformeerd.co.za |
| Webwerf | www.gereformeerd.co.za |
| Kantoorure | Ma, Wo, Vr. – 08:00 tot 12:00 en Sondagoggend na erediens |
| **Bankbesonderhede** | |
| **Kerkkas** | ABSA Tak 334-248<br>Tjekrek 11-5034-0426 |
| **Diakonie** | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 11-5034-1287 |
| **Koningskinders** | ABSA Tak 632-005<br>Geldmarkrek 91-9071-1847 |
| **Geref. Susters Org. Pietersburg-Suid** | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 11-5034-0191 |
| **Aktiwiteitskommissie** | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 40-6962-4784 |

# Dopperdoorfees

**DV 24 - 25 Augustus 2018**

***Romeine 12: "En nou doen ek 'n beroep op julle broers, op grond van die groot ontferming van God: Gee julleself aan God as lewende en heilige offers wat vir Hom aanneemlik is. Dit is die wesenlike van die godsdiens wat julle moet beoefen."***

Die **doel** van die Dopperdoorfees is om aan elkeen 'n geleentheid te gee om ons geloof op 'n praktiese manier uit te voer deur uit te reik, bande te smee en lekker saam te kuier met ons medebroers en -susters in ons gemeente, ASOOK met die broers en susters van die Gereformeerde Kerk Pietersburg-Noord.

***ONS HET U HULP NODIG OM VAN HIERDIE DAG 'N SUKSES TE MAAK. GAAN ASSEBLIEF DEUR DIE BERIG VIR MEER INLIGTING.***
***OP DIE KENNISGEWINGBORD IS DAAR OOK INLIGTING VERSKAF EN LYSTE WAAROP U KAN AANDUI HOE EN WAAR U WIL HELP EN BETROKKE GAAN WEES.***



## Vrydagaand, 24 Augustus

- Bybelvasvrae met 'n kinkel: 18:00
- Hoe goed is u Bybelkennis? En u oorredingsvermoë? Hier gaan dit nie oor wen of verloor nie maar oor die "proses" om by die wenner uit te kom.
- 4 Spanne (5 lede per span):
  2 spanne: Een span ouer as 30 en een jonger as 30.
  2 spanne: Een span van laerskoolkinders en een span van ho**ërskoolkinders.**
- Die res van die gemeente word natuurlik uitgenooi as toeskouers en ondersteuners - Dit tel punte!
- Kontakpersone: Andries en Marisa Linde (083 408 2100)
- SKRYF ASSEBLIEF JOU NAAM OP DIE LYS OP DIE KENNISGEWINGBORD!

- **Weg-neem ete: 19:00**
  - Vetkoek, met 'n maalvleis vulsel.
  - Vetkoek @ R20.00
  - Na afloop van die Bybelvasvrae sal u weg-neem-ete gereed wees.
  - **Bestellings en betalings moet ons bereik teen Sondag, 19 Augustus.**
  - **VOLTOOI ASSEBLIEF JOU BESTELLING OP DIE LYS OP DIE KENNISGEWINGBORD.**

## Saterdag, 25 Augustus

- ***Opening*: 07:45**

- **Pretdraf: 08:00**
  - Oud en jonk word uitgenooi om aan die Pretdraf te kom deel neem - u mag draf, huppel, stap of kruip.
  - Die roete gaan ongeveer 5km lank wees.
  - **Toegang is gratis.**

Potjiekoskompetisie: 08:00
- Sameroeper: George Pettit (083 277 4852)
- Potjiekosspanne berei 'n nr. 4 grootte pot voor (vir ten minste 10 persone), asook 'n potbrood wat genoeg sal wees vir die aantal persone wat van die pot kan eet.
- Slegs 8 spanne kan inskryf vir die kompetisie.
- Beoordeling begin om 11:00, prysuitdeling vind om 13:00 plaas.

- Gemeentelede word uitgenooi om saam van die potjiekos te eet. Elke span gaan 5 kaartjies ontvang om te verkoop @ R50 'n kaartjie.
  Met hierdie kaartjie mag u **proe** van elke pot, of eet van een pot.
- Ete word 12:30 bedien.
- BELANGRIK: Elke persoon moet asseblief hulle eie eetgerei saambring.
- Die potjiekosspan-organiseerders se besonderhede sal op die kennisgewingbord wees (deur die organiseerders self voltooi).
  U is dus welkom om hulle te nader vir etekaartjies.
  Indien ons meer gaste as kos gaan hê sal ons reël vir ekstra potjies.

**Ander aktiwiteite**



- **Dapper Dopper: 10:00**
  - GTA (Gr 5 tot G12)
  - Hoe braaf is jy?
  - Hierdie gaan groot pret wees!

- **Boeresport: 10:00**
  - **Sameroeper: Francois Pretorius (074 145 8923)**
  - Vir die jongspan (Voorskool – Gr4)
  - **ONS HET HULP MET ORGANISERING NODIG.**

- **Skyfskiet: 08:00**
  - **Sameroeper: Jan Hoogendyk (082 443 1111)**
  - **Kan u ons help met pryse vir die skyfskietwenners?**

- **Die Wafelhuis: 08:00**
  - **Sameroepers: Rietha Carstens (072 453 9747) en Heila Lessing (083 626 0185)**
  - 'n Baie spesiale teetuin wat heerlike koffie, tee, cappuccino, koek en tert bedien.
  - Ons benodig:
    - **Kontantdonasies vir die aankope.**
    - **Wafels**

- **Dames wat help met die voorbereiding van bestellings in die kombuis.**
- **GTA: Ons benodig flukse kelners (08:00 tot 10:00)**
- **Dames of Mans wat as kelners sal optree vanaf 10:00 tot 12:00.**

- Tuisgebak en tuisgemaakte lekkers
  - Sameroeper: Hester van der Merwe (064 905 4017)
  - Vars tuisgebak en tuisgemaakte lekkers.
  - Ons het die hulp van al ons bo-baas baksters/bakkers nodig. Groot koeke, klein koekies, terte, ens.
  - Tuisgemaakte lekkers: Roomyshorinkie-verrassings, 'cakepops', karamelhorinkies, ens.

- ***Wildsbiltong, -droëwors en -vleis: 08:00***
  - ***Sameroeper: Rienie Oosthuizen (082 676 3235)***
  - ***Vleis word teen baie billike pryse verkoop.***
  - ***Geen bestellings word vooraf geneem nie.***

- Kosstalletjies en koeldrankstalletjie: 08:00
  - Pannekoek, Organiseerder: Sheryl van der Merwe (082 475 7667)
    - Ons benodig 35L pannekoekdeeg, bakkers en verkopers.
  - Koeldrank, Organiseerder: Kudu Pretorius (082 929 9751)
  - Worsbroodjies, Organiseerder: Ben Bronkhorst (082 808 7670)
  - Kerrie en rys, Organiseerder: Nelie Badenhorst (074 663 5377)

- **Uitstallers: 08:00**
  - **Wit Olifant tafel**. Sameroeper: Dawn Hattingh, 081 320 2235
  - **Uitstallers van handgemaakte gedoentes**; R100 per uitstalspasie
  - **Sameroeper: Daleen Coetsee skakel (079 490 2678).**

# Nagmaalete: 09 SEPTEMBER

U elkeen word hiermee hartlik uitgenooi
na die nagmaalete.

**Spyskaart**: Hoenderpastei, gemengde-groente-gereg, pampoenkoekies.
**Tyd**: 13h00

**Wat moet u saambring**:

- Elke gesin moet asseblief 'n <u>**nagereg**</u> voorsien. Die nagereg gaan op een tafel geplaas word sodat almal saam daarvan kan eet.
- U eie eetgerei (onthou bakkies vir nagereg) en drinkgoed.

Op die kennisgewingbord is daar 'n lys aangebring
waarop u asseblief u naam moet skryf indien
u die ete gaan bywoon – doen dit vandag!

Ons sien uit daarna om heerlik
saam met u elkeen te kuier.

# Lentetee

**DV**

**1 September 2018**

Die Gereformeerde Kerk bied aan:



# STOP

## human trafficking

met Charlotta Beukes en Vanessa Kruger

**10:00**

**AGS Taberna Dei**

H/V Webster en Jorrison

**R100**

# Gemeentekamp

21 – 24 September

Die kamp vind weer plaas by Jubaweni. Die kamp-naweek is ‘n lang naweek, ons het dus ‘n ekstra dag om lekker saam te kuier. Die hele kamp is vir ons gemeente bespreek vir daardie naweek!
Daar is verskeie tipes verblyf beskikbaar, gaan kyk gerus op die kennisgewingbord vir al die inligting.

Kostes beloop:
R500.00 per bed in die chalets
R800.00 vir ‘n kampstaanplek vir 4 mense
R300.00 per person in die slaapsale
Hierdie pryse sluit 3 aande se verblyf asook van die etes in.

Hou die Basuin dop, ons sal nog meer inligting deurgee soos die tyd nader kom. Wat nou baie belangrik is, is dat almal wat belangstel om die kamp by te woon so gou as moontlik hul name op die lys gaan skryf om plek te bespreek vir die kamp.

Vir enige navrae kontak: Johan Maritz op 082 556 1956.

Betalings moet asb. so gou as moontlik gedoen word. Betalings kan gedoen word by Daleen Coetsee : 079 490 2678 of elektroniesebetalings kan ook gedoen word.  Gebruik naam en Gemeentekamp as verwysing. Rekeningnommer : ABSA 4069624784.